



AANSOEK OM LIDMAATSKAP EN INSKRYWING

MARTHIE DE BRUIN AKADEMIE

hierna verwys as die "skool"

deur

(Volle naam en van van aansoeker/s, hierna verwys as die "Applikant")

ouer/s of voog/de van

_____ Gr _____

_____ Gr _____

("leerder")

Ek/Ons, die Applikant, doen hiermee aansoek om lidmaatskap van die skool.

Ek/Ons aanvaar:

1. Die skool is 'n Christelike Privaatskool en die medium van onderrig is hoofsaaklik Afrikaans.
2. Die skool is 'n adominale skool met Christelike beginsels, waardes en praktyke wat die basis van alle skoolbedrywighede vorm.
3. Die skool het 'n Afrikaanse karakter en die behoud en uitbou van die Afrikaanse taal en kultuur word aktief bedryf in alle fasette van die skoollewe. Die algemene spreek- en voertaal van die skool is Afrikaans.

4. Aanvaarding van hierdie aansoek om lidmaatskap van die skool is uitsluitlik binne die diskresie van die skool en geskied aan die hand van kriteria van tyd tot tyd deur die direksie daargestel. Die skool behou die reg voor om 'n aansoek te weier indien van mening dat die inskrywing van 'n leerder nie in belang van die skool is nie. Geen redes vir die afkeur van die aansoek sal verskaf word nie.
5. Die skool het 'n streng kredietbeleid. Ek/Ons onderneem om die beleid stiptelik na te volg en verstaan dat wanbetaling van skoolfooie die skool geregtig maak om my lidmaatskap te beëindig en akademiese verslae te weerhou.
6. Om die gedragskode vir ouers/voogde na te kom en om die skool se dissiplinêre reëls te respekteer.
7. Dat voorkoms, netheid en kleredrag volgens 'n bepaalde beleid hanteer en toegepas word. Indien die leerder nie aan die beleid voldoen nie, sal ek/ons in kennis gestel word om te sorg dat die leerder aan die beleid voldoen om te kwalifiseer vir verdere onderrig.
8. Dat ons leerders onderworpe sal wees aan 'n dissiplinêre kode en dat wangedrag in sekere omstandighede kan lei tot skorsing van lidmaatskap.
9. Dat die skoolbeleid, reëls en gedragskodes van tyd tot tyd aangepas word.

KOSTES BETAALBAAR

1. Die applikant/e sal gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees om die volgende kostes aan die skool te betaal:
 - a. 'n Eenmalige nie-terugbetaalbare registrasiefooie.
 - b. Skoolfooie soos van tyd tot tyd jaarliks deur die direksie vasgestel.
 - c. Addisionele uitgawes wat betrekking het op opvoedkundige en sport toerusting wat deur leerders benodig mag word.
 - d. Prokureur-en kliënt koste vir invordering van agterstallige gelde.
 - e. Uitgawes vir uitstappies en dies meer.
 - f. Eenmalige heffings soos wat van tyd tot tyd deur die direksie bepaal word.
2. Hierdie kostes sal betaalbaar wees soos deur die skool vasgestel met dien verstande dat skoolfooie betaalbaar is voor of op die 3de kalender dag van elke maand (indien maandeliks betaal word) of voor of op die 10de Januarie van elke kalender jaar (indien jaarliks betaal word).

3. Indien die applikant/e maandeliks betaal, onderneem hulle om twee (2) kalender maande kennis te gee van beëindiging van hulle lidmaatskap. Indien die applikant/e jaarliks betaal, sal die skool nie aanspreeklik wees om die skoolfooie terug te betaal indien kennisgewing van twee (2) maande nie gegee word nie.
4. Ingeval van wanbetaling:
 - a. sal die beginsels van die kredietbeleid toepassing vind en kan die leerder uit die skool gesit word;
 - b. sal leerders se rapporte weerhou word;
 - c. mag leerders nie aan uitstappies deelneem nie;
 - d. kan daar van die applikant/e verwag word om hulle finansiële posisie aan die skool te openbaar indien kredietverlening van die skool verwag word.